



Wes-Kaapse  
Regering

Onderwys

## Oorgang vanaf graad 9 tot graad 10 Wenke vir Sukses



'n Studiegids vir graad 9-leerders om  
die korrekte vakkeuses te maak

# Inhoudsopgawe

## Bladsy

1. Voorwoord.....	1
2. Hoe om hierdie boek te gebruik.....	2
3. Slaagvereistes vir graad 9.....	3
4. Stel doelwitte om graad 9 te slaag.....	3
5. Wenke vir sukses in vakke:	
Tale.....	4
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.....	5
Skeppende Kunste.....	6
Lewensoriëntering.....	7
Wiskunde.....	8
Natuurwetenskappe.....	9
Sosiale Wetenskappe.....	10
Tegnologie.....	11
6. Hoe jy te werk moet gaan om jou vakke vir graad 10 te kies.....	12
7. Assessering: JNA en Sistemiese Assessering vir graad 9 leerders.....	12
8. Jy is nou op pad na die VOO fase.....	13
9. Hoekom dit nie 'n opsie is om skool te verlaat nie.....	14
10. Studiewenke.....	15
11. Belofte en motivering.....	16
12. My studiedoelwitte.....	17
13. Selfondersoek.....	18

## Voorwoord

Hierdie **Wenke Vir Sukses-boekie** het ten doel om graad 9 leerders vir die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase (VOO), grade 10 - 12 voor te berei. Dit dien as 'n gids om leerders te help om die korrekte vakke in graad 10 te kies.

As 'n graad 9 leerder het jy 'n stadium in jou skoolloopbaan bereik waar jy belangrike besluite moet neem. Een van die besluite is jou keuse van vakke vir graad 10.

Hierdie boekie sal jou help om die vereistes vir elke vak in graad 9 te verstaan asook die vereistes van die vakke in graad 10. Die wenke sal jou help om suksesvol te wees aan die einde van die jaar.

Die boekie dien ook as 'n gids vir jou vakkeuses in graad 10 en moontlike beroepsvelde wat daarmee gepaard gaan.

As 'n graad 9-leerder sal jy hulp nodig hê met hierdie besluite. Jou onderwysers behoort goeie leiding te gee in die verband en jy moet ook met jou ouers praat om hulle advies in te win. Die korrekte besluite sal jou help om gemotiveerd te bly en uit te sien na graad 10.

Hierdie boekie bevat studiewenke vir suksesvolle studie in graad 9-vakke en noem ook die vakke op VOO-vlak wat inskakel by jou graad 9-vakke in openbare gewone skole.

Laastens, hierdie boekie bevat ook 'n beloftevorm wat jou sal help om gefokus te bly sodat jy jou volle potensiaal kan benut.

Voorspoed met jou studies!



## Hoe om hierdie boekie te gebruik

Hierdie boekie is vir jou as graad 9-leerder bedoel. Neem dit huis toe en bespreek wat daarin staan met jou ouers/voogde.

### Die volgende punte is belangrik:

1. Lees die hele boekie deur. Al die inligting is belangrik.
2. Stel vas in watter vakke jy goed vaar in graad 8 en 9. Dit sal jou vakkeuse in graad 10 bepaal.
3. Wat is die graad 10-vakke wat jou skool aanbied? Kontroleer dit met jou onderwysers.
4. Gebruik hierdie boekie om te besluit watter vakke jy in graad 10 moet neem.
5. Gebruik hierdie boekie om met jou ouers oor jou vakkeuses te praat.
6. Om goeie uitslae aan die einde van die jaar te verkry, is dit belangrik dat jy fokus en hard werk, beide by die skool en tuis.
7. Hierdie boekie voorsien jou van raad oor hoe om vir elke vak te leer.
8. Probeer die studiewenke in hierdie boekie en besluit watter studiemetodes jou die beste pas.
9. Laastens, gebruik die beloftevorm in hierdie boekie om jou doelwitte vir elkeen van jou vakke neer te skryf.



# Slaagvereistes vir Graad 9

Jy moet aan die volgende vereistes voldoen om graad 9 te slaag:

Die tabel (Figuur 1) toon die minimum vereistes.

Vak	Minimum vereiste	
	Vlak	%
Huistaal	4	50
Eerste Addisionele Taal	3	40
Wiskunde	3	40
Enige drie ander vakke	3	40
Enige twee ander vakke	2	30

Tabel 2 (Figuur 2) gee die moontlike vlakke van prestasie

Prestasievlak	Prestasiebeskrywing	%
7	Uitmuntende prestasie	80 - 100
6	Verdienselike prestasie	70 - 79
5	Beduidende prestasie	60 - 69
4	Voldoende prestasie	50 - 59
3	Matige prestasie	40 - 49
2	Basiese prestasie	30 - 39
1	Ontoereikend	0 - 29


## Stel doelwitte om graad 9 te slaag:

Kies jou graad 10 vakke op die basis van die vakke waarin jy beter punte behaal het. Jy kan dit oorweeg om met die voltooiing van graad 9 'n VOO kollege by te woon.

1. Stel jou doelwitte hoër as die minimumvereistes. In Huistaal, byvoorbeeld is die minimum vereiste 50% om te slaag, maar jy kan jou doelwit op 60% of hoër stel om seker te maak jy het 'n veiligheidsgrens.
2. As jy met Wiskunde sukkel en dit in graad 10 wil neem, oorweeg 'n mikpunt van ten minste 50%, anders mag jy verplig wees om Wiskundige Geletterdheid te neem. Om sukses in Wiskunde te behaal, moet jy hard werk.
3. Voltooi al die formele assesseringstake of skoolgebaseerde assessering in al jou vakke. Aan die einde van jou graad 9-jaar sal die eksamen 60% van die totale punt vir elke vak tel. Die ander 40% sal kom van jou jaarpunte vir jou skoolgebaseerde assesserings.

## Sterkte graad 9-leerders.

## Geniet julle studies!



# Wenke vir sukses in alle vakke

## 1. Tale

### Inleiding

Taal is 'n instrument wat gebruik word vir denke en kommunikasie. Taalonderrig in die Senior Fase sluit al die amptelike tale in Suid Afrika in, naamlik Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa, isiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, Siswati, Tshivenda en Xitsonga. Hierdie tale kan aangebied word op Huistaalvlak, Eerste Addisionele Taalvlak asook Tweede Addisionele Taalvlak.

Huistaal maak voorsiening vir taalbedrewenheid met die klem op lees- en skryfvaardighede. Eerste Addisionele Taal word gebruik vir kommunikasiefunksies in die samelewing.

Tweede Addisionele Taal leer basiese interpersoonlike kommunikasie-vaardighede.

### Graad 9 Inhoud

Die taalkurrikulum word volgens die volgende vaardighede gestruktureer:

#### Luister & Praat

Deur middel van effektiewe luister en praat, sal jy inligting versamel en saamvoeg, kennis bou, probleme oplos en menings en idees kan uitdruk.

#### Lees & Kyk

Om 'n kritiese en kreatiewe denker te word, moet jy bedrewe wees in die lees en kyk van 'n verskeidenheid literêre en nie-literêre tekste, insluitend visuele tekste.

#### Skryf & Aanbied

Gereelde skryfoefening sal jou in staat stel om funksioneel en kreatief te kommunikeer. Skryf is 'n kragtige instrument van kommunikasie wat jou sal toelaat om idees en gedagtes duidelik te formuleer en oor te dra.

#### Taalstrukture en -konvensies

Jy sal leer hoe taal gebruik word en sal in staat wees om hierdie kennis te gebruik om te eksperimenteer met taal vanaf woord- en sinsvlak asook in volledige tekste.

#### Tydstoekening

Die onderrigtyd vir Huistaal is 5 uur per week, en 4 uur per week vir Eerste Addisionele Taal. Jy moet gedurende die jaar 'n verskeidenheid tekste en genres lees en jou skryfvaardighede daagliks oefen deur 'n skryfjoernaal te hou.

### Assessering

Die vaardighede in Tale word as geïntegreerde aktiwiteite geassesseer wat uiteindelik die elf Formele Assesseringstake in graad 9 opmaak. Formele Assesseringstake (FATe) bestaan uit toetse, eksamens, praktiese take, projekte, mondelingtake, rolspel, geskrewe take, ens. Die punte wat jy behaal in die Formele Assesseringstake sal formeel opgeteken word deur jou Tale onderwyser/-es vir slaagdoeleindes. Promosie vanaf graad 9 na graad 10 sal plaasvind indien jy aan die volgende slaagvereistes in Tale (soos opgeteken gedurende en aan die einde van die jaar) voldoen:

Amptelike Taal 1 - Huistaal  
Vlak 4 (Voldoende prestasie 50%-59%) in een van die amptelike tale

Amptelike Taal 2 -  
Eerste Addisionele Taal  
Vlak 3 (Matige prestasie 40%-49%)  
in die ander amptelike taal

Daar is 'n wye verskeidenheid bronne en hulpmiddels tot jou beskikking om jou te help met jou Taalstudie, insluitend woordeboeke. Sorg dat jy 'n lid word van jou naaste biblioteek!

#### Loopbane waar tale gebruik word

Kennis van een of meer buitelandse taal kan nuttig in 'n wye verskeidenheid beroepe wees. In sommige beroepe soos vertaling, die tolkweese en taalonderwys, is taalvaardigheid een van die belangrikste vereistes.

In ander beroepe mag jy 'n kombinasie van tale en ander kwalifikasies, kennis of vaardighede benodig. Byvoorbeeld, mense met Tale asook Informatietegnologie, Regte, Finansies of Verkoopsvaardighede is baie gesog.

Tale is die voertuig waarmee alle vorme van kennis aangeleer word. Die taalvaardighede wat jy in graad 9 aanleer sal tot jou voordeel strek in enige verdere studies vir die loopbaan van jou keuse.



## 2. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

### Inleiding

EBW is 'n interessante, dinamiese en praktiese vak wat jou met lewensvaardighede sal toerus. Dit sal jou help om regte besluite te neem in jou lewe as 'n verbruiker, familielid, entrepreneur, belegger en burger.

Die vak handel oor die doeltreffende en effektiewe gebruik van privaat, openbare of kollektiewe bronne.

Dit behels die doeltreffende bestuur van menslike en skaars omgewingsbronne om wins op 'n verantwoordelike manier te maksimaliseer. Dit ondersoek die ekonomie, rekeningkunde en entrepreneurskap. Dit handel krities oor die impak van bronuitbuiting op die omgewing en mense, terwyl daar gepoog word om in mense se behoeftes en begeertes te voorsien.

### Inhoud in graad 9

EBW bestaan uit drie hoofonderwerpe:

#### 1. Die Ekonomie (30%)

- Ekonomiese stelsels
- Die sirkulêre vloei
- Prysteorie
- Vakbonde

#### 2. Finansiële geletterdheid (40%)

Dit verduidelik wat die kernelemente is om tred te hou met finansies.

- Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal van 'n handelonderneming
- Die rekeningkundige vergelyking
- Boek oor na die Algemene Grootboek
- Stel 'n Proefbalans op
- Krediettransaksies: Debiteure
- Teken transaksies in die Debiteurejoernaal, Debiteure-afslagjoernaal aan
- Teken ontvangste van debiteure in die Kontantontvangstejoernaal aan
- Boek oor na die Debiteuregrootboek en Algemene Grootboek
- Krediettransaksies: Krediteure
- Krediteurejoernaal en die Krediteure-afslagjoernaal

- Teken betalings aan krediteure in die Kontantbetalingsjoernaal aan
- Boek oor na die Krediteuregrootboek en Algemene Grootboek
- Teken kontant- en krediettransaksies aan en boek oor na die Algemene Grootboek

### 3. Entrepreneurskap (30%)

- Sektore van die ekonomie
- Funksies van 'n besigheid
- Ontwikkel 'n sakeplan

### Tydstoedeling

Jy sal 2 uur onderrig elke week ontvang. Benewens dit sal jy tyd by die huis moet deurbring om aan aktiwiteite te werk en toepas wat jy in die klas geleer het.

### Assessering

Die formele assesseringstake is die take wat sal bydra tot die interne assesseringspunte. Jy moet hulle voltooi na die beste van jou vermoë om 'n goeie jaarpunt te verseker.

### Formele assesseringsvereistes vir EBW

**In graad 9 moet jy sewe formele assesseringstake voltooi.**

**Kwartaal 1:** 'n opdrag en 'n toets

**Kwartaal 2:** 'n datataak of 'n toets en 'n eksamen

**Kwartaal 3:** 'n projek en 'n toets

**Kwartaal 4:** einde van die jaar eksamen

**Die vak EBW sal die grondslag lê vir die volgende vakke in die VOO-fase:**

- Rekeningkunde
- Ekonomie
- Besigheidstudies
- Verbruikerstudies
- Reis & Toerisme

Aan die einde van graad 9 behoort jy 'n goeie idee te hê van watter beroepsbaan jy wil volg.

## 3. Skeppende Kunste

### Inleiding

Welkom by die inspirerende wêreld van die Skeppende Kunste!

In hierdie vak is dit belangrik om jou gedagtes, idees en die vakinhoud wat jy geleer het te *verken, ervaar, uit te druk en daarmee te eksperimenteer*.

Jy sal jou stem, liggaam en denke ontwikkel om jouself uit te druk op baie verskillende maniere deur Musiek, Visuele Kuns, Drama en Dans. Skeppende Kunste sal jou ook help om 'n gedissiplineerde, gefokusde, en kreatiewe mens met selfvertroue te wees. Al hierdie eienskappe berei jou voor vir enige beroep wat jy eendag mag kies.

### Inhoud in graad 9

In Skeppende Kunste sal jy twee kunsvorms kies, wat sal afhang van wat jou skool aanbied. Dit mag **Dans, Drama, Musiek** of **Visuele Kuns** wees.

Aan die einde van graad 9 sal jy die volgende in die vak van jou keuse gedoen het:

- **Dans:** Ervaar die vreugde van dans, leer die lewenslange vaardigheid om jou liggaam te gebruik op 'n veilige en uitdruk-kingsvolle manier terwyl jy die teorie van dans verken.
- **Drama:** Gebruik van jou stem, liggaam en denke in klasdramas met tekste soos monoloë, dialoë, radiodramas, poësie en stories wat in die teorie van drama ondersoek word.
- **Musiek:** Uitvoering van 'n verskeidenheid van vokale en instrumentale musiek in groepe of op jou eie (solo). Blootstelling aan die geskrewe en mondelinge taal van musiek deur musiek te lees en te skryf.
- **Visuele Kuns:** Deur die skepping van 2D- en 3D-kunswerke word jy visueel geletterd en druk jouself uit op 'n simboliese en visuele wyse in 'n wêreld wat algaande meer visuele beelde gebruik om te kommunikeer.

Jy sal spoedig agterkom dat die Skeppende Kunste klas 'n veilige, ondersteunende en nie-veroordelende ruimte bied waarin jy aangemoedig word om selfvertroue te kry en 'n positiewe selfbeeld te bou. Jy sal ook vaardighede aanleer om opvoerings, aanbiedings en die bemerking van kunswerke onafhanklik te kan doen. Die kennis wat jy sal aanleer van die kunsvorme wat jy gekies het, sal jou waardering vir die uitvoerende en visuele kunste verdiep.

### Tydstoedeling

Jy sal Skeppende Kunste vir ten minste 2 uur per week gedurende skooltyd beoefen. Jy mag vind dat die 2 uur per week te min is om jou genoegsaam vir die assessering voor te berei. Jy kan na skoolure oefen sodat jy jou vaardigheid kan slyp en goed voorbereid kan wees vir jou praktiese assessering.

### Assessering

In Skeppende Kunste word 40% van jou punte toegeken vir jou skoolgebaseerde assessering. Dit bestaan uit vier formele assesseringstake per kunsvorm, wat in die vorm van aanbiedings, optredes, uitstallings en navorsingstake kan wees. Die oorblywende 60% van jou punte sal wees vir jou finale eksamen. In Skeppende Kunste bestaan hierdie eksamen uit 'n praktiese en 'n geskrewe eksamen.

Skeppende Kunste berei jou voor vir verdere studie in vakke soos Dansstudies, Dramatiese Kunste, Visuele Kuns, Ontwerp en Musiek.

In hierdie vak is daar nie werklik enigiets wat jou kan terughou nie. Geniet die nuwe reis waarop jy gaan, en onthou dat jy die skepper van jou eie unieke uitdrukkings is.





## 4. Lewensoriëntering

### Inleiding

Lewensoriëntering is 'n interessante vak en is prakties van aard. Dit berei jou voor om jou regmatige plek in die samelewing in te neem. Dit is 'n vak waar jy jouself leer ken as persoon, veral jou sterk- en swakpunte en stel jou in staat om jou volle potensiaal te ontwikkel.

### Inhoud:

#### Die ontwikkeling van self in die samelewing:

- Doelwitte
- Persoonlike leefstyl keuses
- Seksuele gedrag en gesondheid
- Hantering van: depressie, rou (as iemand sterf), trauma en noodleniging.

#### Gesondheid, sosiale en omgewingsgesondheid

- Vrywillige diens - waar jy jou tyd of talent aanbied vir liefdadigheid, opvoedkundige of ander waardevolle aktiwiteite veral in jou eie gemeenskap
- Gesondheid en veiligheid in geweldsituasies

#### Grondwetlike regte en verantwoordelikhede

- Regte en verantwoordelikhede
- Grondwetlike waardes
- Hoe gelowe bydra tot vrede
- Sportetiek

#### Wêreld van Werk

- Hoe om tyd te bestuur
- Lees- en skryfvaardighede
- Opsies na graad 9
- Die werkplek
- Beroeps-en vakkeuses
- Studie en beroepsbefondsing

### Liggaamlike Opvoeding

- Bevordering van jou eie welstand
- Deelname aan spele en spanwerk
- Verbetering van vaardighede vir sport, spele en ontspanningsaktiwiteite
- Deelname aan buitelugaktiwiteite
- Veiligheid

### Tydstoekening

Lewensoriëntering neem 2 ure in beslag per week op die skool se rooster. Een uur word aan teorie en een uur word aan Liggaamlike Opvoeding toegewy.

### Assessering

**Kwartaal 1:** Werkopdrag/gevallestudie.....70%  
Liggaamlike Opvoeding.....30%

**Kwartaal 2:** Half-jaarlikse eksamen.....70%  
Liggaamlike Opvoeding.....30%

**Kwartaal 3:** Projek.....70%  
Liggaamlike Opvoeding.....30%

**Kwartaal 4:** Final eksamen.....70%  
Liggaamlike Opvoeding.....30%

### Liggaamlike Opvoeding

- Dit bestaan uit 30% van die finale punt.
- Jy is veronderstel om aan alle praktiese sessies deel te neem.
- Probeer jou bes volgens jou vermoë.
- Jy moet toepaslik aangetrek wees vir Liggaamlike Opvoeding.

### Hoe om suksesvol te wees in Lewensoriëntering

1. Neem deel aan alle groepsbesprekings.
2. Wees altyd positief.
3. Handig take betyds in.
4. Neem die beroepskeuses- aktiwiteite ernstig op. Dit sal jou help met jou finale vakkeuses vir graad 10
5. Verstaan die voordele om 'n aktiewe en gebalanseerde lewenstyl te bevorder.

## 5. Wiskunde

### Inleiding:

Wiskunde behels die waarneming, voorstelling en ondersoek van patrone; kwantitatiewe verhoudings in fisiese en sosiale verskynsels; asook tussen wiskundige voorwerpe self.

### Die vak:

- help verstandelike prosesse wat logiese en kritiese denke bevorder en ontwikkel;
- ondersteun die akkuraatheid en probleemoplossing wat tot besluitneming sal bydra;
- bied toegang tot kritieke beroepe;
- ontwikkel vaardighede om jou rol in die samelewing uit te voer,
- ontwikkel logiese en kritiese denke in menslike aktiwiteite.

### Inhoud in graad 9:

Die inhoud dek **vyf hoofinhoudsareas**

- Getalle, bewerkings en verwantskappe;
- Patrone, Funksies en Algebra;
- Ruimte en Vorm (Meetkunde);
- Meting en
- Datahantering

Elke inhoudsarea dra by tot die ontwikkeling van spesifieke vaardighede in:

Heelgetalle, eksponente, gewone breuke, desimale breuke, numeriese en meetkundige patrone, funksies en verhoudings, algebraïese uitdrukkings en vergelykings, grafieke, meetkunde, die konstruksie van meetkundige figure, oppervlakte en omtrek, buiteoppervlakte, volume, Pythagoras, en data-hantering.

### Tydtoekenning:

Jy sal 4.5 uur van onderrig elke week ontvang . As toevoeging hiertoe sal jy tyd by die huis moet spandeer om die werk en aktiwiteite wat jy in die klas geleer het, in te oefen.

### Assessering:

Gedurende die jaar sal jy verskillende assesseringstake voltooi wat jou onderwysers en ouers sal inlig oor jou vordering. Daar is 10 Formele Assesseringstake, asook 'n einde van die jaar eksamen. Jou vordering in die take en eksamen sal bepaal of jy gereed is om na die volgende graad te vorder. Dit sal ook 'n aanduiding gee of jy met Wiskunde sal voortgaan, en of jy Wiskundige Geletterdheid moet doen.

Daarom moet jy al jou take tot die beste van jou vermoë voltooi om 'n goeie jaarpunt te verseker.

### Wenke vir die bereiking van sukses in Wiskunde:

1. Doen al die huiswerk.
2. Moenie afwesig wees nie.
3. Vind 'n vriend wat jou studie-vennoot kan wees.
4. Handhaaf 'n goeie werksverhouding met die onderwyser.
5. Ontleed en verstaan elke fout.
6. Kry gou hulp indien jy nie verstaan nie.
7. Vra vrae.
8. Bemeester die basiese vaardighede.
9. Algebra moet bemeester word.
10. Verstaan die werking van die sakrekenaar.

### Slaagvereistes in Gr 9: Ten minste 40%

Moenie werk om om 'n minimum punt te behaal nie. Probeer altyd 50% of meer te kry!

### Studiewenke vir wiskunde in die klas

- Teken enigiets wat die onderwyser teken.
- Skryf aantekeninge oor lesings; neem dit elektronies op.
- Vra vir ekstra voorbeelde en probleme.
- Hersien die vorige dag se notas voor die aanvang van die volgende klas

**Onthou: Wiskunde is nie “vuurpyl wetenskap” nie! As jy hard werk vir ten minste 5 dae per week , kan jy slaag.**



## 6. Natuurwetenskappe

### Inleiding

Natuurwetenskappe is opwindend. Dit verskaf 'n sistematiese manier om ons bestaande idees te verduidelik en te verbind. Dit help jou om sin te maak uit idees wat jy het aangaande die natuur en die alledaagse lewe.

Dit moedig jou aan om probleme in die alledaagse lewe op te los deur vrae te vra. Wat jy vind, kan lei tot verdere navorsing en ondersoek. In wetenskap gebruik 'n mens sekere metodes van navorsing en ondersoek, wat die formulering van hipoteses en die ontwerp en uitvoering van eksperimente insluit om die hipoteses te toets. Hierdie ondersoekmetodes vereis noukeurige observasie en herhaling om uitslae te bevestig.

Natuurwetenskappe is in vier hoofinhoud-kategorieë georganiseer:

- Lewe en Lewende Dinge
- Energie en Verandering
- Planeet Aarde en die Buitenste Ruimte
- Materie en Materiale
- Lewe en Lewende Dinge fokus op lewensprosesse en gesonde leefstyl, op die verstaan van balans en verandering in die omgewing en op die belangrikheid van biodiversiteit.
- Energie en Verandering fokus op hoe energie oorgedra word in fisiese en biologiese stelsels en op die uitwerking wat menslike behoeftes en aanvraag op energiebronne het.
- Planeet Aarde en die Buitenste Ruimte fokus op die struktuur van die planeet en hoe die aarde met die tyd verander, op die redes waarom en hoe die weer verander, en op die aarde as 'n klein planeet in 'n baie groot heelal.
- Materie en Materiale fokus op die eienskappe en gebruike van materiale, en op die verstaan van hulle strukture, veranderinge en reaksies om die verlangde veranderinge aan te bring.

Deur wetenskap te bestudeer, verkry jy 'n reeks prosesvaardighede. Hierdie vaardighede kan in die alledaagse lewe in jou gemeenskap en in die werkplek gebruik word. Kennis van hierdie prosesvaardighede sal jou kritiese en analitiese denke stimuleer.

### Tydstoedeling

Drie uur per week is toegeedeel aan Natuurwetenskappe.

### Assessering

Gedurende die jaar sal van jou verwag word om verskillende assesseringstake te voltooi, beide informeel sowel as formeel. Die formele assesseringstake sal bydra tot jou finale assesseringspunt, en dus moet jy hulle voltooi so goed as wat jy kan. Dit sal verseker dat jy insig het wanneer jy die werk in graad 10 doen. Die voorgeskrewe formele assesseringstake gedurende die jaar sluit die volgende in: vier praktiese/ondersoektake (een per kwartaal), drie toetse vir die eerste drie kwartale, 'n eksamen in die middel van die jaar, 'n eindeksamen en een projek.

Die vak Natuurwetenskappe lê die grondslag vir verdere studies in meer spesifieke Wetenskapdissiplines in die VOO-fase, soos die volgende:

- Lewenswetenskappe
- Fisiese Wetenskappe
- Aardwetenskappe in Geografie
- Landbouwetenskappe

Daar is 'n groot aanvraag na wetenskaplikes in Suid-Afrika. Ons nooi jou uit om die eerste tree te neem om 'n wetenskaplike te word, deur wetenskapvakke in graad 10 te kies.



# 7. Sosiale Wetenskappe

## Inleiding

Welkom by die interessante wêreld van Sosiale Wetenskappe waar jy 'n begrip sal vorm van die verlede en hoe dit ons teenwoordige geraak het. Jy sal ook die plek waarin jy lewe en dié van ander mense en plekke begin verstaan. Die betekenis van ligging en hoe mense en plekke onderling skakel en verband hou, is ook belangrik.

Ons noem die dissiplines in hierdie vak **Geskiedenis** en **Geografie**. Die vaardigheid om krities om te gaan met inligting van 'n reeks bronne, ook bronne wat verskillende perspektiewe bied van dieselfde gebeurtenis of kwessie, is die wese van Sosiale Wetenskappe. Dit sal 'n wye reeks beroepe in die Sosiale studieveld tuisbring, naamlik:

- Geskiedenis (argeologie, politiek, wet, toerisme, onderwys, bestuur, openbare belang, ens.)
- Geografie (onderwyser, landbouingenieur, mynopmeter, vulkanoloog, toerismebestuurder, weervoorspeller, geotegnoloog, ens.)

## Tydstoedeling

3 uur per week (90 minute. vir Geskiedenis en 90 minute. vir Geografie in 'n 5-dag-siklus)

## Geskiedenisinhoud in graad 9

- Wêreldoorlog II (1939 - 1945)
- Die atoomeeu en die Koue Oorlog (1945 - 1990)
- Keerpunte in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1948 en die 1950's
- Keerpunte in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1960, 1976 en 1994

## Geografie-inhoud in graad 9

- Kaartvaardighede (fokus op topografiese en ortofotokaarte)
- Ontwikkelingskwessies (fokus op Suid-Afrika en Wêreld)
- Oppervlaktekragte wat die aarde vorm (Fisiese Geografie)
- Hulpbronbenutting en volhoubaarheid (fokus op die wêreld)

## Assessering

Gedurende die jaar sal van jou verwag word om verskillende assesseringstake te voltooi, informeel sowel as formeel. Alle assesseringstake is uiters belangrik en jy moet hulle voltooi na die beste van jou vermoë om goed te presteer in Sosiale Wetenskappe. Onthou as jy jou oë vestig op jou doelwit en nie die hindernisse in jou pad nie, dan sal jy die uitdaging wat die vak stel, oorkom.

## Relevante take sluit in:

- Brongebaseerde take
- Uitgebreide skryfwerk (gefokusde opstel en paragrawe)
- Datahantering
- Mondelinge Geskiedenis-Navorsing
- Kaartvaardighede.

	Formele assesseringstake per kwartaal	
	Geskiedenis	Geografie
Kwartaal 1	1	1
Kwartaal 2	1	1
Kwartaal 3	1	1
Kwartaal 4	Eksamen	Eksamen



# 8. Tegnologie

## Inleiding


Tegnologie fokus op jou vermoë om relevante kennis en vaardighede te gebruik om 'n produk te ontwerp en te maak wat probleme oplos of in basiese menslike behoeftes en/of begeertes voorsien. Jy moet nadink oor die impak wat jou oplossings op mense en die omgewing sal hê. Jy sal geskikte grafiese kommunikasievaardighede ontwikkel om jou te help om oplossings te skets wat gebruik sal word om aan jou idees gestalte te verskaf.

## Inhoud


In graad 9 sal jy op dieselfde ontwerpprosesvaardighede fokus (ondersoek, ontwerp, maak, evalueer en kommunikeer) as wat jy in graad 7 en 8 toegepas het. Jy moet egter nou 'n gedetailleerde begrip toon van wat onder elke opskrif ver wag word.

Die kennis wat jy sal gebruik wanneer jy ontwerp, behels die volgende:

### Strukture




### Verwerking



### Stelsels en beheer: Meganies



### Stelsels en beheer: Elektries



Jou onderwyser sal aan jou geskikte konteks verskaf of 'n toneel beskryf waar jy kennis en vaardighede sal toepas om oplossings te ontwerp of te maak – met die impak op mense en die omgewing gedurig in gedagte.

## Tydstoedeling

Jou rooster moet ten minste 2 uur in 'n vyfdaagse siklus aan Tegnologie afstaan. Dit sal vir jou genoeg tyd gee om die meeste van die werk in die klas te voltooi. Huiswerk sal gegee word om dit wat in die klas onderrig is, in te skerp.

## Assessering

Die tabel hieronder dui die minimum getal assesserings aan wat jy elke kwartaal vir punte sal doen.

'n Mini Praktiese Assesseringstaak (mini-PAT) bied geleentheid om jou vermoë te verbeter om te ondersoek, te ontwerp, te maak, te evalueer en te kommunikeer. Die mini-PAT wat jy voltooi vir kwartaal 3 moet die omvattende reeks tegnologiese vaardighede demonstreer.

	Kwar-taal 1	Kwar-taal 2	Kwar-taal 3	Kwar-taal 4
Toets of eksamen	1	1	1	1
Mini PAT's	1	1	1	1

## Loopbane

Tegnologie as 'n vak hou verband met baie studierterreine in ingenieurswese en sal toekomstige keuses in hierdie velde ondersteun.





# Hoe jy te werk moet gaan om jou vakke vir graad 10 te kies.

- Bestudeer jou huidige graad 9-uitslae in elk van jou vakke.
- Maak 'n lys van die drie verpligte vakke wat jy in graad 10 moet doen. (d.w.s. Huistaal, Eerste Addisionele Taal en Lewensoriëntering).
- Dink oor die ander vakke waarvan jy hou en skryf hulle in voorkeurvulgorde neer.
- Vra jouself 'n paar sleutelvrae vir elk van hierdie vakke af: Doen ek goed in hierdie vak? Watter loopbaan wil ek graag na skool volg? Hoe sal hierdie vak my in my verdere studies en loopbaan help?
- Bepaal laastens jou prestasie in Wiskunde en, met die advies van jou Wiskunde onderwyser of jou ouers, besluit of dit beter is om Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid te neem.
- Maak jou vakkeuse. Besin weer na 'n paar dae daaroor.
- Trek nou jou finale lys van vakke wat jy gaan doen op. Gebruik die tabel op die volgende bladsy om jou met jou besluit te help.

## Vir graad 10-12 moet jy die volgende kies:

- Twee tale: 1 Huistaal & Eerste Addisionele Taal (jy kan ook twee Huistale kies).
- Óf Wiskundige Geletterdheid óf Wiskunde.
- Lewensoriëntering (hierdie vak is verpligtend).
- Enige vier ander vakke, om jou 'n totaal van 7 vakke te gee.

## Assesserings: Die JNA en Sistemiese Assessering

Graad 9-leerders skryf spesiale toetse elke jaar, nl. die Jaarlikse Nasionale Assesserings (JNA). Hierdie toetse word normaalweg in September geskryf. Die doel van hierdie toetse is om jou vaardighede in Wiskunde en Tale te assesseer. Dit word verwag dat elke graad 9 leerder in die land die JNA's skryf.

As 'n graad 9-leerder moet jy ernstig oor die Jaarlikse Nasionale Assesserings wees omdat dit jou sal help om die areas te identifiseer waaraan jou nog moet werk voordat jy die VOO-fase betree. Jy kan die resultate van die Jaarlikse Nasionale Assessering gebruik om jou te lei, veral in jou besluit om óf Wiskunde óf Wiskundige Geletterdheid te neem in Graad 10. Bespreek dit met jou onderwyser en ouers / voogde voordat jy tot dié gevolgtrekking gekom het. Werk hard deur die jaar want hierdie toetse word gewoonlik in Oktober van elke jaar afgeneem.

In Oktober sal jy ook die graad 9 Taal en Wiskunde sistemiese toetse skryf - soos dié wat jy in graad 6 geskryf het.

Hoewel nie een van die bogenoemde toetse sal tel vir jou Gr 9 punte nie, gee hulle aan jou 'n geleentheid om oefening te kry in die skryf van 'n volledige eksamen. Neem 'n paar dae voor die toetse om die jaar se werk oor te gaan sodat jy seker is vir die November-eksamens. Hierdie soort hersiening van kwartale 1 tot 3 se werk is veral goed vir Wiskunde omdat dit jou help om te onthou wat jy geweet het, maar moontlik net vergeet het.

**Streef altyd om hard te werk en jou beste te doen!**



# Jy is nou op pad na die VOO-Fase (Grade 10-12)

Die vakke wat jy in graad 9 bestudeer, is gekoppel aan studieverdele en vakke wat in die VOO-fase aangebied word.

<b>Jy is nou hier (Graad 9)</b> 	<b>Jy is nou op pad na die VOO-fase (graad 10-12).</b> 		
	<b>Studieverdele vir graad 10-12</b>	<b>Vakkeuses in graad 10 (Onderstreep jou sewe vakke)</b>	<b>Moonlike beroepe</b>
<b>Tale</b>  <b>(Huistaal &amp; Eerste Addisionele Taal)</b>	Tale:  (Huistaal & Eerste Addisionele Taal)	Afrikaans Huistaal/ Afrikaans Eerste Addisionele Taal  Engels Huistaal / Engels Eerste Addisionele Taal Xhosa Huistaal/ Xhosa Eerste Addisionele Taal	Onderwyser, prokureur, joernalis, tolk, vertaler, koerantredakteur, lektor, skrywer, redigeerder, ens
<b>Wiskunde</b>	Fisiese Wetenskappe, Wiskundige Wetenskappe	Lewenswetenskappe, Fisiese Wetenskappe, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid, Rekenaartoepassings-tegnologie en Inligtingstegnologie, Landbouwetenskappe, Geografie	Ingenieur, mediese dokter; omgewingskundige, verpleegster, tandheelkundige, navorser; ens.
<b>Natuurwetenskappe</b>	Rekenaarwetenskap en Lewenswetenskappe		
<b>Sosiale Wetenskappe</b>	Menslike en Sosiale Wetenskappe	Geografie, Geskiedenis, Religiestudies	Onderwyser, topograaf, geoloog, geskiedkundige, ens.
<b>Lewensoriëntering</b>		Lewensoriëntering,	Sielkundige; politikus, berader, prokureur ens.
<b>Ekonomiese en Bestuurswetenskappe</b>	Besigheid, Handel en Bestuurswetenskappe	Rekeningkunde Besigheidstudies Ekonomie	Boekhouer; bank-klerk, finansiële analis, skulddelger, ens.
	Dienste	Verbruikerstudie, Gasvryheidstudies, Toerisme	Hotelbestuurder, toergids. ens.
<b>Skeppende Kunste</b>	Kuns en Kultuur	Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste	Akteur, kunstenaar, rolprentvervaardiger; komponis, choreograaf, onderwyser, ens.
<b>Tegnologie</b>	Ingenieurswese en Tegnologie	Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieurswese en Grafiese Ontwerp en Meganiese Tegnologie	Ingenieur, ambagspersoon, tegnoloog, ens.
	Landbouwetenskappe	Landbouwetenskappe, Landboubestuurpraktyk en Landboutegnologie; Fisiese Wetenskappe; Lewenswetenskappe	Boer, plaasbestuurder, voedselinspekteur, ingenieur, ens.

# Hoekom dit nie 'n opsie is om die skool te verlaat nie

## Inleiding

'n Groot aantal leerders verlaat die skool na graad 9 om verskeie redes. In hierdie afdeling bespreek ons die redes en gee wenke hoe jy jou skoolloopbaan kan voltooi. Jy mag in 'n moeilike situasie verkeer en weet nie hoe om dit te hanteer nie. Bestudeer asseblief die volgende wenke hoe jy jou moeilike omstandighede kan hanteer. Jy het geen rede om jou skoolloopbaan op te gee nie.

## Hier volg van die redes waarom graad 9 leerders die skool verlaat en ook moontlike oplossings daarvoor:

### 1. Verkeerde vakkeuses in graad 10.

- Hoe kan jy seker maak dat jy die regte vakke kies?
- 'n Onderwyser moet jou help met die voltooiing van 'n beroeps-selfverkenningsoefening/-aktiwiteit. Dit behels die voltooiing van 'n vraelys.
- Jy sal jou belangstelling in verskillende studievelds verken deur so 'n vraelys te voltooi.
- Die uitslae van die selfverkenningse vraelys kan jou begelei na 'n beroepsveld wat by jou pas.
- Jy sal dan in staat wees om jou graad 10-vakke te kies op grond van jou belangstellings, jou vermoë in sekere vakke en jou voorkeurberoepsveld.

### 2. Leerders kan nie aanpas by die eise van die hoërskool nie.

- Hoërskole is nie dieselfde as laerskole nie. In hoërskole werk onderwysers as vakkundiges. Jy sal agt of meer verskillende onderwysers hê wat agt verskillende vakke aanbied.
- Die werk is moeiliker, daarom sal jy harder moet werk.
- Elke vak het sy eie reeks take en slaagvereistes.
- Jy moet feitlik elke week take inhandig.
- Jy moet voorberei vir weeklikse take.

### 3. Leerders dink hulle kan nie bekostig om na die hoërskool te gaan nie.

- Dit is nie waar nie. Jy behoort van die volgende bewus te wees:
- Jy behoort 'n gratis handboek vir elke vak te ontvang.
- Jy behoort die basiese skryfbehoeftes vir geskrewe take te ontvang.
- Alhoewel skole verwag dat jy 'n uniform moet dra, kan leerders wat dit nie kan bekostig nie daarop let dat skole nie onredelik sal wees nie.

- Praat met 'n onderwyser indien jy 'n probleem in hierdie opsig het. Die skool sal jou bystaan.
- Die staat voorsien vervoer aan leerders wat meer as 5 kilometer van die naaste skool af bly.
- Indien jy 'n hoërskool weg van die huis wil bywoon, moet jy aansoek doen vir koshuisverblyf. Praat met jou onderwysers oor hierdie opsie.
- Party skole is geenskoolgeld-skole. By ander skole kan leerders wat nie skoolgelde kan bekostig nie, vrygestel word van die betaling van die volle bedrag. Vra jou ouer of voog om met die prinsipaal hieroor te praat.

### 4. Leerders word geboelie of ervaar groepdruk

Jy kan soms deur jou vriendekring geïntimideer word en geteister word deur afknouery of belediging. Hulle forseer jou om dinge te doen wat teen jou wil is. Groepdruk beteken dat jy deur vriende beïnvloed word om hulle voorbeeld te volg.

### Om dit te vermy moet jy: 'n Sterk karakter ontwikkel

- Wees vasberade en sê "nee" vir slegte groepdruk.
- Tree op 'n manier op wat ander mense kan respekteer.
- Moenie dinge doen wat 'n negatiewe uitwerking op jou lewe het nie.
- Onwikkel opbouende gewoontes; bv. om nie te rook nie, ens.
- Raak betrokke by sport en ontspanningsaktiwiteite.
- Help mekaar met skoolwerk en neem sekere verantwoordelikhede aan.
- Daar is niks verkeerd met gesonde akademiese wedywering nie.
- Neem deel aan konstruktiewe ontspanningsaktiwiteite soos jeugklubs, stokperdjies en belanggroepe.
- Bly gesond deur gereeld te oefen, byvoorbeeld dans, gimnasium te besoek, stap of hardloop.

### Is jy 'n Boelie?

Moenie ander forseer om te doen wat hulle nie wil doen nie. Dit maak van jou 'n boelie. As jy 'n boelie is, verander jou houding en respekteer ander soos jy graag respekteer wil wees!

# Studiewenke

## Voorbereiding vir eksamensukses!

### Studiewenk ①

- Verstaan jou studieonderwerpe: **Verduidelik vir jouself, in jou eie woorde, wat jy geleer het.** Skryf die feite neer en maak notas in jou eie woorde.

### Studiewenk ②

- Moenie bang wees om vrae te vra nie. Indien jy 'n woord, 'n konsep of verduideliking **nie verstaan nie, vra dat dit verduidelik word.**

### Studiewenk ③

- Hou 'n vasvra vir jouself: Wanneer jy iets verstaan, **toets jouself** daarop. Skryf jou antwoord neer. Terwyl jy dit doen, bly so naby moontlik aan eksamentoestande – **skakel jou selfoon af**, moenie met enigiemand praat nie, kyk hoe lank jy neem, ens. Jy kan vir jouself 'n studievasvra opstel of oefen om eksamenvrae te beantwoord. Solank as wat jy dit met die regte gesindheid benader, kan jy 'n baie goeie idee kry van hoeveel jy weet en waar jy staan ten opsigte van wat jy sover bestudeer het. Hierdie toetsing van jouself sal waardevolle eksamenvoorbereiding wees.

### Studiewenk ④

- Wees kreatief en gebruik verskillende studiemetodes. Moenie verplig voel om voor 'n boek te sit met 'n neonmerkpen nie; daar is baie ander maniere om te studeer. Probeer om **soveel studiemetodes as moontlik te gebruik** om jou te help om beter te studeer, en kies dan wat die beste vir jou werk. Voorbeelde van studiemetodes is flitskaarte, breinkaarte, geheuebruggies (mnemoniek), studiebeplanners, en video- en oudiobronne.
- **Flitskaarte** is byvoorbeeld ideaal vir die verbetering van jou geheue en om jou te help om teorie, definisies en sleuteldatums te onthou. Dit is handig vir vinnige studiesessies, veral net voor 'n eksamen.

### Studiewenk ⑤

- **Stel jou studiedoelwitte** op en en werk 'n aanpasbare studieplan uit. Om sukses in die eksamen te behaal, moet jy weet wat jy wil bereik. Dit is hoekom dit uiters belangrik is om jou studiedoelwitte nou te bepaal en vir jouself uit te stippel wat jy daaromtrent moet doen.
- **Jy kan dit dan neerskryf in die beloftevorm aan die einde van hierdie boekie.** Met jou studiedoelwitte in gedagte en jou jaareindeksamen steeds weke en maande ver, maak dit sin om 'n aanpasbare studieplan eerder as 'n onbuigbare plan te hê. Hoe nader jy aan die eksamen kom, hoe meer spesifiek behoort jou studieplan te wees. Vroeër behoort jou plan te help dat jy **al jou vakke dek**. Dit moet egter breed genoeg wees om jou toe te laat om aspekte by te voeg en te verander. Dit moet duidelik genoeg wees sodat jy op enige punt weet dat jy elke vak of onderwerp so goed as wat jy kan, sal dek.

Indien jy hierdie vyf wenke in jou studieplan inwerk, sal jy goed op pad wees om sukses in die eksamen te behaal. Hoe vroeër jy begin om vir die eksamen voor te berei, hoe meer tyd sal jy vir hersiening hê. Dit sal jou help om beter te onthou en dit sal jou stres verminder.

**Bron:** Aangepas uit Exam time, 2013



## Belofte en motivering

### *Belofte om my beste te lewer*

Wanneer jy probeer om jou beste te doen, help dit om doelwitte en beloftes uit te skryf. Dit herinner jou aan dit waarna jy strew, en aan wat jy moet doen om jou doelwitte te bereik. Aangesien jy toetse en eksamens sal aflê wat belangrik vir jou, jou ouers en die skool is, is dit belangrik dat jy jou uiterste bes sal probeer. Om jou te help onthou om jou beste te doen, kan jy die volgende onderneming deurlees, elke dag daarna kyk gedurende toetse en eksamens en dan besluit of jy jou belofte elke dag nagekom het.


Ek,.....,

onderneem om my beste  
te doen wanneer ek vir die  
eksamen/toets voorberei.  
Ek sal my bes doen om

- 'n goeie nagrus te kry elke nag;
- te luister en instruksies versigtig te volg;
- alle instruksies, vrae en antwoorde versigtig te lees;
- alle vrae te beantwoord;
- nie deur 'n toets te jaag nie;
- terug te gaan en antwoorde te kontroleer na ek die toets/eksamen voltooi het; en
- stil te werk sonder om ander te steur.

Leerder..... Ouer.....

Datum:..... Datum:.....



## My Studiedoelwitte

Vak	Teiken %	Hoe sal ek my doelwitte bereik
1. Skeppende Kunste		
2. Ekonomiese Bestuurswetenskappe		
3. Tale: Huistaal		
4. Tale: Eerste Addisionele Taal		
5. Lewensoriëntering		
6. Natuurwetenskappe		
7. Wiskunde		
8. Sosiale Wetenskappe		
9. Tegnologie		

# Selfondersoek

Ek het my belofte gehou deur my beste hierdie kwartaal te doen.

## Skeppende Kunste

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee

## Ekonomiese & Bestuurswetenskappe

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee

## Taal 1 (Huistaal)

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee

## Taal 2 (Eerste Addisionele Taal)

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee

## Lewensoriëntering

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee

## Natuurwetenskappe

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee

## Wiskunde

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee

## Sosiale Wetenskappe

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee

## Tegnologie

Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3		Kwartaal 4	
Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee

Aan die einde van elke kwartaal moet jy 'n regmerknie maak by elke vak as jy jou belofte nagekom het (Ja) of al dan nie (Nee). Wanneer jy by die huis kom, vertel jou ouers hoe jy gedoen het en vra hulle om jou raad te gee hoe om te verbeter.